

Hoofstuk van die dag: Jesaja 57

> *Ek het gesien wat met hom gebeur, en Ek sal hom genees. Dié van hom wat treur, sal Ek lei en terugbring; Ek sal vir hulle uitkoms gee. (vers 18)*

Hierdie hoofstuk vertel van iets wat ons almal al beleef het.

Iemand kom tot inkeer, is baie bly dat hy die Here “gevind” het en getuig met groot entoesiasme van sy nuwe koers, net om ná ’n ruk terug te val. Dis soos die saad wat op klipbanke geval het – die plant verwelk gou omdat daar nie diepte is nie (Matt 13:5-6).
Dis wat met die Jode gebeur het. Die terugkeer na hulle vaderland het nie gepaard gegaan met hartgrondige verdieping nie, en toe keer hulle terug na al die verkeerde goed wat voor die ballingskap die probleem was. In eie krag kán ’n mens immers nie teen die versoeking stry en die geloof behou nie. Daarom leer die Here Jesus ons bid dat God ons sal verlos van die Bose (Matt 6:13).
Gelukkig is dit nie die einde van die storie nie. God is nie klaar met ons as ons meen ons is klaar met Hom nie. Hy bring genesing (vers 18-19). Dis sy belofte. Daarom kan ons bly bid vir hulle wat wegraak, en vir onsself.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026